Bybelstudie

31 Julie 2022

Lukas 12:13-21

 # Leef om te dien
By Sonstraal Gemeente is almal welkom –
hier leer ons saam om soos Christus te leef.
Ons is geroep tot: Genade, Gasvryheid en Gestuurdheid.

KOM TOT RUS:

Vind 'n tyd en plek waar jy stil kan wees. Indien julle in 'n groep is, gee geleentheid om stil te raak. Sit gemaklik en maak jou oë toe. Haal diep asem en wees bewustelik teenwoordig.

Luister na jou hart: Waaroor is jy vandag dankbaar? Spandeer tyd om jou dankbaarheid intens te beleef. Spreek dit nou teenoor die Here uit in gebed. Indien jy gemaklik is daarmee, laat lê jou hande met palms na bo gedraai, op jou skoot. Gee ruim geleentheid vir almal om hardop te bid. Sodra dit stil raak, wees nog 'n rukkie stil voor die Here.

Vra nou die Here om jou oop te stel om sy stem te hoor wanneer jy uit die Woord gaan lees.

LEES DIE TEKS:

Lees **Lukas 12:13-21** stadig deur... dalk 'n tweede keer en dalk selfs in ‘n ander taal of vertaling. Ontvang dit en luister met jou hart daarna.

LUISTER:

Indien jy die teks in 'n groep lees, gee nou geleentheid dat lede met mekaar kan deel wat hulle by die Here ontvang het deur die teks. Luister met respek na mekaar sonder om te reageer of kommentaar te lewer. Laat elkeen gehoor word.

AGTERGROND:

- Jesus praat byna meer oor geld as oor meeste ander onderwerpe (met die uitsondering van die "koninkryk van God"). Blykbaar gaan elke 16de verse in die Nuwe Testament oor geld; elke 10de vers in die Evangelies; elke 7de vers in die Lukas Evangelie; en elke 5de vers in die Brief van Jakobus.
- In ons teks hoor ons hoe iemand vir Jesus vra om 'n dispuut tussen twee broers op te los. Dié soort versoek is nie vreemd nie: Rabbi's het die wetlike volmag gehad om dispute oor erfporsies te hanteer. Broers was aangemoedig om by 'n erfporsie nie bande met mekaar te sny nie, maar om liewer saam te woon en na die erfporsie om te sien. Hier gaan dit dus om die een broer (vermoedelik die jonger een) wat homself wil afsny en sy erfporsie vir homself wil neem.
- Let wel daarop dat Jesus kies om nie die dispuut op te los nie, maar om eerder die vraer oor sy gierigheid te waarsku. Dit is in hierdie konteks wat Jesus dan die gelykenis vertel.
- Die gelykenis is redelik voor die hand liggend. By vers 19 kan ons sien dat Jesus hierdie ryk man probeer skets (ook taalkundig) as iemand wat met selfsug die lewe probeer geniet: die persoon het nie 'n saak met God of medemens nie.
- Dat Jesus die sterk woord "dwaas" (ἄφρων) (v. 20) gebruik is ook opvallend. Sien bv. Matt. 5:22 om te verstaan hoe sterk en ernstig die gebruik hier is.
- Die res van vers 20 is ook interessant: dit is amper asof Jesus in ekonomiese terme van die man se lewe praat. So amper asof ons lewe aan ons deur God geleen is. Alles behoort m.a.w. aan God en kan weer vinnig deur God opgeëis word.

GRAWE DIEPER:

1. Toe hulle vir die bekende Amerikaanse magnaat John Rockefeller vrae hoeveel geld vir hom genoeg geld is, het hy geantwoord: "just a little bit more." Dit is dalk wat John Cassian so mooi besef het: "when money increases, the frenzy of covetousness intensifies." Dalk kan jy/julle 'n oomblik neem om hieroor te gesels: wanneer het mense té veel geld? Wanneer is genoeg, genoeg?

2. Mens sou in die konteks van hierdie teks nuut kan nadink oor Jesus se woorde in Matt. 6:21: “Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.” Hoe dink jy/julle beïnvloed ons verhouding met geld ons verhouding met God?
3. Sien jy jouself as ‘n ryk persoon? Waarom/ waarom nie? Indien wel, watter verantwoordelikheid gaan gepaard met welvaart? ‘n Lekker toets vir welvaart is die webtuiste howrichami.givingwhatwecan.org.
4. Hoe kan ons as ‘n gemeente of gemeenskap meer oor geld gesels? Hoe kan ons mekaar help om ‘n teologie van vergenoegsaamheid te ontwikkel in ‘n wêreld wat obsessief is met “meer en beter”?

SLOTGEDAGTE:

Die Nederlandse sjokolademaker Tony’s Chocolonely se storie is indrukwekkend. Hulle het gesien hoe die sjokoladeindustrie ryk word uit slegte arbeidspraktyke in die kokosvelde. Om hierdie wanbalans reg te stel poog hulle om “100% slaaf-vrye” sjokolade op die mark te sit. Elke keer wanneer mens hulle sjokolade eet is jy egter bewus van hierdie geskiedenis, omdat nie een blokkie dieselfde grote is nie. Só wou hulle mense bewus maak dat nie almal dieselfde deel van die koek (of dan sjokolade!) geniet nie. Die vraag wat op my hart druk is: hoe kan ons, in hierdie dorp en land, kreatiewe maniere vind sodat almal ‘n regverdige en volhoubare deel van die spreekwoordelike sjokolade kan geniet? Op die einde van die dag is die dieper waaruit natuurlik: besittings (groot of klein) kan nie die God-gaping in ons harte en lewe vul nie. Wanneer ons “ryk is in God” lê ons diepste identiteit, betekenis en uiteindelik ons lewenstyl in daardie waarheid opgesluit – God is genoeg.

GEBED:

Sluit af met gebed. Hieronder is Thomas à Kempis se *Gebed* indien u daaroor wil nadink en dit probeer bid:

Grant me, O Lord, to know what I ought to know,

To love what I ought to love,

To praise what delights thee most,

To value what is precious in thy sight,

To hate what is offensive to thee.

Do not suffer me to judge according to the sight of my eyes,

Nor to pass sentence according to the hearing of the ears of ignorant men;

But to discern with a true judgment between things visible and spiritual,

And above all, always to inquire what is the good pleasure of thy will.

MUSIEK:

Kom ons sing saam of luister sommer in aanbidding na Porter's Gate se "Zaccheaus Song": https://www.youtube.com/watch?v=fYPQsr7eM6g